Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# Onderrig- en Leerbeleid



1 Januarie 2025

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

# Onderrig-Leerbeleid[1]

| | |
|---|---|
| **Soort dokument:** | Beleid |
| **Doel:** | Om die operasionalisering van leergerigte onderrig-leer-assessering (OLA) vir alle kredietdraende voor- en nagraadse programme en oor alle leweringsmodusse heen, te reguleer |
| **Goedgekeur deur:** | US Raad |
| **Goedkeuringsdarum:** | 2 Desember 2024 |
| **Operasionaliseringsdatum:** | 1 Januarie 2025 |
| **Hersieningsdatum/ Hersieningsfrekwensie:** | Die beleid moet in die vyfde jaar waarin dit geld, hersien word. Indien die eienaar van die beleid dit nodig ag, kan dit vroeër of meer as een keer in die geldigheidstydperk hersien word. |
| **Vorige hersienings:** | Strategie vir Leer en Onderrig (2002-2004)<br>Onderrig- en Leerbeleid (2007)<br>Onderrig- en Leerbeleid (2018) |
| **Eienaar:[2]** | Viserektor: Leer en Onderrig |
| **Kurator:[3]** | Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking |
| **Sleutelwoorde:** | beleid; onderrig; leer; kurrikulum; professionalisering van alle akademici in hulle onderrig-leer-assesseringsrol; akademieskap van onderrig en leer, en van assessering; leertegnologieë |
| **Geldigheid:** | Die Engelse weergawe van die beleid is die geldende weergawe en die Afrikaanse weergawe is ʼn vertaling daarvan. |

[1] Hierdie beleid het betrekking op die proses van onderrig-leer-assessering (OLA) aan die US en moet saamgelees word met die US Assesseringsbeleid (2021) en die OLA-posisieverklaring.
[2] Eienaar: Hoof(de) van die verantwoordelikheidsentrum(s) waarbinne die beleid funksioneer.
[3] Kurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die operasionalisering en instandhouding van die beleid.

## Inhoudstabel

1. Inleiding
2. Operasionalisering van die beleid
3. Definisies
4. Doel van die beleid
5. Doelstellings van die beleid
6. Beginsels wat die gehalte van OLA aan die US onderlê
7. Beleidsbepalings
8. Rolle en verantwoordelikhede met betrekking tot OLA aan die US
9. Beleidsbeheer
10. Konflikbeslegting
11. Stawende dokumente
12. Verwante dokumente

## 1. Inleiding

Die US Visie 2040 posisioneer die Universiteit as Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit, wat wêreldwyd as inklusief en innoverend erken word, waar ons kennis in diens van die samelewing bevorder en deur die kernwaardes van deernis, verantwoordbaarheid, respek, billikheid en uitnemendheid aangespoor word.

Hierdie beleid gee uitvoering aan die US se visie in alle kredietdraende onderrig-leer-assesserings-(OLA-)aktiwiteite[4] aan die Universiteit, met inagname van die dinamiese hoëronderwys-omgewing waarbinne die instelling funksioneer.

Hierdie beleid word gerig deur die behoefte aan die sistemiese transformasie (US konsep-Transformasiebeleid, 2023) van die US. Dit vereis die aktiewe deelname van die akademiese personeel, studente en professionele steundienste aan 'n gemeenskaplike begrip van wat dit beteken om die samelewing te dien. In konsep is die beleid leergerig. Die beleid fokus in die besonder op studentebetrokkenheid by leer en hulle verantwoordelikheid ten opsigte daarvan, en ook op akademiese hernuwing as 'n werktuig vir die voorsiening van 'n transformerende studente-ervaring. Die beleid handhaaf die US se graduandi-eienskappe,[5] wat in die kurrikulum vasgelê moet wees, as die oorhoofse uitkomste van OLA aan die US. Insgelyks beklemtoon die beleid die belangrikheid van akademici se professionele leer vir OLA ter ondersteuning van studenteleer en gelyke toegang tot sukses.

## 2. Operasionalisering van die beleid

2.1 Die operasionalisering van die OLA-beginsels en -bepalings geld vir:
2.1.1 alle ingeskrewe en geaffilieerde studente;
2.1.2 alle permanente en kontrak-akademici in hulle OLA-rol en alle ander personeel wat by OLA betrokke is;
2.1.3 alle kredietdraende aanbiedinge wat deel van die kurrikulum en ko-kurrikulum uitmaak;[6] en
2.1.4 alle leweringsmodusse.

2.2 Alle ander US-beleide en -riglyne op die gebied van onderrig, leer en assessering moet deur hierdie beleid gerig word en daarmee saamgelees word.

## 3. Definisies

3.1 **Akademici in hulle OLA-rol:** Alle US-personeel wat by voor- en nagraadse OLA en studieleiding by die instelling betrokke is.

3.2 **Kurrikulum:**
3.2.1 Die *formele kurrikulum* verwys na die beplande en gestruktureerde modules, leer-ervarings en akademiese werksaamhede waaruit 'n spesifieke akademiese program bestaan. Dit beskryf in breë trekke die spesifieke vakinhoud, leeruitkomste (met inbegrip van die kennis, vaardighede en eienskappe wat studente na verwagting aan die einde van die leerperiode moet verwerf het) en die OLA-strategieë wat studenteleer binne 'n enkele dissipline en oor dissiplinêre kontekste heen bemagtig.

3.2.2 Die *nieformele kurrikulum* bestaan uit die ko-kurrikulum en die buitekurrikulum. Die *ko-kurrikulum* verwys na opvoedkundige werksaamhede en ervarings wat die formele akademiese kurrikulum aanvul en verryk. Die *buitekurrikulum* verwys na opsionele werksaamhede buite die klaskamer, wat nie aan die formele kurrikulum verbind is, of uitdruklik met akademiese leer

---

[4] OLA-posisieverklaring: Hersiening van die US O-L-beleid: Herkonseptualisering van hoofkonsepte en praktyke.
[5] US-profiel van 'n graduandus (konsep).
[6] Sluit in alle soorte voor- en nagraadse kwalifikasies wat deur die instelling aangebied word, asook ko-kurrikulumkortkursusse, -sertifikate en ander leergeleenthede.

verband hou nie.

3.3 **Graduandi-eienskappe**: Dit is nastrewenswaardige gedrag en rolle wat deur die Universiteit gekies is en wat as rigsnoer dien vir die ontwikkeling van studente namate hulle graduandi word. Aan die US is die gekose graduandi-rolle dié van betrokke burger, dinamiese beroepspersoon, weetgierige leerder, sorgsame individu en digitale kundige.

3.4 **Leer:** Leer is die proses van die verwerwing en opbou van kennis, bekwaamhede en vaardighede wat deur formele en nieformele kurrikulums geskied. Leer word verstaan as 'n medewerkende, maatskaplike en kulturele proses van kennisbou (eerder as net 'n kognitiewe aktiwiteit deur individuele studente) wat in die konteks van menslike verhoudings en aktiwiteit geskied.

3.5 **Leergerigte benadering:** 'n Leergerigte benadering fokus op leer as 'n vennootskap, waar studente as medeskeppers van kennis en van leeromgewings gesien word. Die klem val op leer en kennisbou deur die student eerder as op die oordrag van kennis deur die akademici in hulle OLA-rol. Hierdie benadering tot leer sluit in 'n fokus op lewenslange leer (deur die hele studentelewensiklus op universiteit en verder), lewenswye leer (kurrikulum, ko-kurrikulum en buitekurrikulum) en lewensdiep leer (met betrekking tot die gehalte van die ervaring). Daarbenewens bevorder die US, as 'n leerorganisasie, akademiese personeel se professionele leer vir hulle OLA-rol.

3.6 **Navorsingstudieleiding:** Navorsingstudieleiding is 'n komplekse, multidimensionele vorm van onderrig. Dit vereis dat die studieleier oor die navorsingskundigheid beskik om hulle studente se kennis, vaardighede en onafhanklikheid as navorsers te laat groei. Dit behels 'n ondersteunende verhouding tussen die student en die studieleier, met die studieleier wat hulle studente in navorsings- en ander verwante vaardighede lei, mentor, adviseer, oplei en opvoed.

3.7 **Akademieskap**: Akademieskap word beskou as die skakel tussen praktyk en teorie, saamgevat deur die dimensies van ontdekking, integrasie, toepassing en onderrig.

3.8 **Studenteverantwoordelikheid:** In 'n leergerigte benadering aanvaar studente verantwoordelikheid vir hulle leer en is hulle aktief betrokke, aangesien alle leer 'n belegging van hulle tyd en moeite verg. Studente beoordeel self moontlike leergapings en aanvaar verantwoordelikheid vir die prakseer van strategieë om daardie gapings aan te vul.

3.9 **Studentesukses**: Studentesukses word holisties beskou as deel van 'n reis waar studente in 'n transformerende studente-ervaring begelei en ondersteun word, van die eerste kontak met voornemende studente af tot hulle afstudeer en die rol van alumni opneem.

3.10 **Onderrig:** Onderrig is die fasilitering van die proses van kennisbou deur die ontwerp en lewering van toepaslike leergeleenthede. Dit stel studente in staat om kennis in 'n aktiewe en betrokke leeromgewing te verstaan, toe te pas en saam daaraan te skep.

3.11 **Transformasie**: In OLA is transformasie gebaseer op die mag van opvoeding om maatskaplike ongelykheid ongedaan te maak. Dit word gedoen deur die kritiese hersiening van die kurrikulum ten opsigte van die kennis wat daardeur geprioritiseer word, en die omgang met, en sigbaarheidsmaking van die maatskaplike faktore onderliggend aan, die verhoudings tussen studente en akademici in OLA-praktyke. Dit verg dat aandag aan universele ontwerp en inklusiwiteit in die leweringsmodus en die gebruik van digitale tegnologieë geskenk word.

**3.12** **Transformerende studente-ervaring:** 'n Transformerende studente-ervaring verwys na die geleenthede wat deur die Universiteit geskep word vir studente om krities met hulleself, hulle gemeenskappe en hulle vakgebiede en beroepe om te gaan. Dit berus op die voorsiening van toonaangewende formele programme, asook ko- en buitekurrikulêre geleenthede vir studente om as individue binne 'n gemeenskap van eweknieë en as burgers in 'n demokratiese samelewing te ontwikkel. In 'n transformerende studente-ervaring is studente aktief by hulle leer betrokke, word hulle aangemoedig om aannames te bevraagteken, en uitgedaag om krities te dink. Hulle word aan

diverse perspektiewe, ervarings en idees blootgestel om ontvanklikheid en empatie aan te kweek.

## 4. Doel van die beleid

Om die operasionalisering van leergerigte OLA vir alle kredietdraende voor- en nagraadse programme en oor alle leweringsmodusse heen, te reguleer.

## 5. Doelstellings van die beleid

5.1 Om konsekwente besluitneming oor OLA oor fakulteite heen te rig, ter ondersteuning van die operasionalisering van die US se visie, waardes en die Strategie vir Onderrig en Leer (2017 – 2021, word hersien).

5.2 Om 'n sterk simbiotiese verhouding te skep tussen OLA in alle kredietdraende akademiese programme aan die US.

5.3 Om die institusionele kapasiteit vir die aanpak van OLA-uitdagings te versterk, met inbegrip van die monitering en evaluering van OLA-uitkomste.

5.4 Om tot die ontwikkeling van doelmatige kurrikulums, gegrond op die identiteit van die US as 'n navorsingsintensiewe universiteit, by te dra.

5.5 Om akademici se deurlopende professionele leer as nadenkende praktisyns en vakkundige akademici in hulle OLA-rol te bevorder, en om die ontwikkeling van die akademieskap van onderrig en leer aan te moedig.

5.6 Om studentesukses te versterk deur te fokus op studenteleer, beter onthouvermoë en deursitkoerse as deel van die transformasie van OLA-praktyke.

5.7 Om die rolle en verantwoordelikhede van alle belanghebbers by OLA duidelik te maak.

## 6. Beginsels wat die gehalte van OLA aan die US onderlê

6.1 Onderrig, leer en assessering word beskou as aparte, maar simbiotiese aspekte van dieselfde pedagogiese proses, wat deel vorm van alle kredietdraende akademiese programme aan die US.

6.2 Studentebetrokkenheid by, en verantwoordelikheid vir, hulle eie leer is grondliggende aspekte van die leergerigte benadering tot OLA.

6.3 Alle US-programme dra by tot transformerende leerervarings met die oog op die holistiese groei van studente deur die integrasie van die Universiteit se graduandi-eienskappe.

6.4 Onderrig, leer en assessering is professionele werksaamhede wat professionele leer[7] deur akademici vereis sodat hulle toegerus is vir hulle OLA-rol, en wat deur die akademieskap van onderrig en leer, en van assessering, ondersteun word.

6.5 Die Universiteit het 'n verantwoordelikheid om gelyke geleenthede aan alle studente te bied om hulle studies af te handel en die nodige leeruitkomste te bereik.

6.6 Alle voorgraadse kurrikulums stel studente aan relevante navorsingsvaardighede en die heel nuutste

[7] Professionele leer word omskryf as “die nodigheid dat beroepslui moet aanhou leer soos hulle praktiseer en in hulle loopbane vorder”. (Johnston, S. 1998. Women and professional development in higher education: A search for understanding. *International Journal for Academic Development* 3(1): 64–71)

vakkennis bekend.

6.7 Waar haalbaar, moet alle kredietdraende programme aan die US digitaal bemagtig wees en op ŉ kontinuum van ŉ gemengdekontak- tot ŉ hibridiese leweringsmodus vir alle studente aangebied word.

## 7. Beleidsbepalings

Die beleidsbepalings omskryf die optrede wat nodig is om die beginsels van OLA en akademiese programme van gehalte aan die US te handhaaf. Die volgende vyf onderling verbonde dimensies word onderskei:

7.1 Fasilitering van leer deur tersaaklike konteks-spesifieke OLA-geleenthede en inklusiewe pedagogiese benaderings
7.2 Deurlopende akademiese hernuwing, met inbegrip van program- en moduleheršiening, -herontwerp en -evaluasie
7.3 Die akademieskap van onderrig en leer (AvOL), en van assessering
7.4 Die professionalisering van akademici in hulle OLA-rol
7.5 Toepaslike OLA-infrastruktuur en -tegnologieë

Die beleid maak op die volgende wyses vir hierdie onderling verbonde dimensies voorsiening, onderhewig aan die beskikbaarheid van die finansiële en menslike hulpbronne binne en buite die US:

### 7.1 Fasilitering van leer deur tersaaklike konteks-spesifieke OLA-geleenthede en inklusiewe pedagogiese benaderings

7.1.1 Die US maak van ŉ leergerigte benadering in OLA vir personeel en studente gebruik.
7.1.2 OLA is ŉ gesamentlike onderneming deur studente, akademici, professionele akademiese steundienste se personeel en die bestuur.
7.1.3 OLA vind binne formele en informele ruimtes plaas.
7.1.4 Verskillende leweringsmodusse[8] is vir OLA ingestel.
7.1.5 OLA-geleenthede is inklusief en transformerend.
7.1.6 Regdeur die instelling is daar ŉ gedeelde verantwoordelikheid om aandag aan holistiese studentesukses, en die ontwikkeling van die hele student op alle vlakke en in die formele en die nieformele kurrikulum, te skenk.
7.1.7 OLA-geleenthede ondersteun die ontwikkeling van die US se graduandi-eienskappe vir alle studente.
7.1.8 Akademici ontwerp tersaaklike OLA-geleenthede in reaksie op plaaslike, nasionale en internasionale kontekste.

### 7.2 Deurlopende akademiese hernuwing, met inbegrip van program- en moduleheršiening, -herontwerp en -evaluasie

7.2.1 In ooreenstemming met die nasionale wetgewende raamwerke vir hoër onderwys en die beleide en vereistes van die Raad op Hoër Onderwys (RHO), beroepsliggame en die US, word bestaande programme en modules hersien, herontwerp en hernu as deel van ŉ deurlopende siklus van gehalteversekering en -versterking.
7.2.2 Akademiese programme en modules word deurlopend hernu om doelmatig te wees, in die lig van dekolonialiteit, inheemse kennisstelsels en ŉ veeltalige en multikulturele ingesteldheid, terwyl dit ook die US se graduandi-eienskappe op die voorgrond stel om studente voor te berei om binne die plaaslike, streek-, nasionale en globale sfeer te floreer.
7.2.3 Die rolle en verantwoordelikhede van verskillende rolspelers, soos programvoorsitters, programleiers, departementshoofde, akademici in hulle OLA-rol en so meer, word duidelik omskryf en behoorlik gekontekstualiseer binne fakulteite om gehalteversterking en die verbetering van OLA-praktyke binne die breër konteks van akademiese en kurrikulumhernuwing aan die US te bevorder.
7.2.4 Tydens die beplanning van programme, modules en kortkursusse, op voor- en nagraadse vlak, en in

[8] ’n Oorsig van die leweringsmodusse aan die Universiteit Stellenbosch.

die formele en die nieformele kurrikulum, skenk akademici in hulle OLA-rol aandag aan studente se diverse akademiese behoeftes en gelyke toegang tot sukses vir almal.

7.2.5 Die US voorsien geïntegreerde stelsels vir die deurlopende monitering en evaluering van alle studente se leer en sukses, veral diegene wat die kwesbaarste is.[9]

**7.3 Die akademieskap van onderrig en leer (AvOL), en van assessering**

7.3.1 Alle rolspelers aan die Universiteit vergewis hulleself van die redes vir en die praktiese implikasies van die US se verbintenis tot 'n leergerigte benadering tot OLA.

7.3.2 Vakkundige akademici in hulle OLA-rol word van nadenkende praktisyns onderskei deur hulle aktiewe betrokkenheid by AvOL met die doel om OLA-praktyk na te vors en uiteindelik daaroor te publiseer.

**7.4 Die professionalisering[10] van akademici in hulle OLA-rol**

7.4.1 Daar is voldoende, geskikte geleenthede vir toepaslike professionele leer deur akademici vir hulle OLA-rol op alle kampusse en via alle leweringsmodusse.

7.4.2 Daar word van akademici vereis om van bogenoemde geleenthede gebruik te maak en hulle word daarin ondersteun. Sodanige professionele leer vorm deel van hulle professionele ontwikkelingsplanne (POP's) in hulle diensooreenkomste en van hulle OLA-getuienisportefeuljes.

7.4.3 Die akademieskap van onderrig en leer (AvOL), en van assessering, en die kenniskorpus waardeur dit onderstut word, rig die professionalisering van akademici in hulle OLA-rol.

7.4.4 Met die evaluering van OLA, wat put uit toepaslike kriteria vir gehalteversekering (wat strook met die kriteria vir die US se Individuele Onderrigtoekennings), kan 'n verskeidenheid toepaslike databronne[11] gebruik word.

**7.5 Toepaslike OLA-infrastruktuur en -tegnologieë**

Die US besef dat leer binne formele en informele ruimtes plaasvind. Die US skep en onderhou bemagtigende fisiese en virtuele omgewings, wat 'n leergerigte benadering tot OLA vir alle studente en personeel ondersteun en aanmoedig.

7.5.1 Akademici in hulle OLA-rol en studente het toegang tot multifunksionele OLA-ruimtes, -tegnologieë en -infrastruktuur wat goed in stand gehou word en wat 'n leergerigte benadering tot OLA vir alle studente en personeel ondersteun en aanmoedig.

7.5.2 Akademici in hulle OLA-rol en studente het toegang tot deurlopende steun in die doeltreffende en verantwoordelike gebruik van leertegnologieë en kunsmatige intelligensie- (KI-)toepassings vir OLA-praktyke.

7.5.3 Die US bevorder bewysgebaseerde, toekomsgerigte ontwikkeling en innovasie in die gebruik van leertegnologieë en -praktyke in OLA.

## 8. Rolle en verantwoordelikhede met betrekking tot onderrig en leer aan die US

Hierdie beleid gaan van die veronderstelling uit dat OLA 'n gesamentlike onderneming is met wederkerige verantwoordelikhede tussen alle institusionele rolspelers, met inbegrip van akademici, studente, professionele akademiese steundienste (PASD) en bestuursliggame.

**8.1** Die *akademikus* in hulle OLA-rol is 'n kenniskenner wat leergeleenthede ontwerp wat dit moontlik

[9] Studente wat in akademiese gevaar verkeer weens faktore buite hulle beheer.

[10] As beroepslui het akademici 'n 'dubbele professionalisme' (Viskovic, A.R. 2009. Survey of literature relating to tertiary teacher development and qualifications. Ako Aotearoa National Centre for Tertiary Teaching Excellence. Ongepubliseerde PhD-tesis. Whitireia Community Polytechnic, New Zealand) aangesien hulle binne hulle vakspesifieke én 'n onderwyskonteks moet funksioneer (Frick, L. & Kapp, C. 2009. The Professional Developments of Academics: In Pursuit of Scholarship, in E. Bitzer (red.). *Higher Education in South Africa: A Scholarly Look behind the Scenes*. Stellenbosch: SUN MeDIA).

[11] Byvoorbeeld studenteterugvoer en -opnames, tredhou met graduandi, alumni-terugvoer, eweknie-evaluasie en eksterne evaluasies, kurrikulumdokumentasie, studenteprestasiedata, vergelykbaarheidstudies, belanghebberbetrokkenheid, finansiële data, en akkreditasieverslae.

maak vir alle studente om toegang tot vakkennis te verkry[12]. Hierdie rol sluit, onder andere, die volgende in:

8.1.1 Oorweeg toepaslike pedagogiese benaderings wat strook met die institusionele benadering tot OLA binne die konteks van die akademikus se werksaamhede en vakgebied.
8.1.2 Lig alle studente in oor die US se OLA-beleid en leergerigte benadering tot OLA, asook die OLA-benadering van hulle modules.
8.1.3 Organiseer die OLA-omgewing om voldoende en doelgerigte geleenthede vir kennisbou, aktiewe leer en assessering van alle studente te voorsien.
8.1.4 Maak alle studente bewus van die verskillende ondersteuningsinisiatiewe vir akademiese ontwikkeling en leer wat aan die Universiteit beskikbaar is.
8.1.5 Skep ŉ omgewing wat bevorderlik is vir studente om verantwoordelikheid vir hulle eie leer en sukses te aanvaar.
8.1.6 Skep empatiese en sorgsame OLA-interaksies wat transformerende OLA-ervarings moontlik maak.
8.1.7 Samel terugvoer oor OLA vroeg en dikwels in en reageer daarop om alle studente se leer te verryk en akademici se professionele leer in hulle OLA-rol te rig.

**8.2** *Studente* aanvaar verantwoordelikheid vir hulle eie leer en raak aktief by die ontwikkeling van hulle metakognitiewe vermoëns betrokke. Hierdie verantwoordelikheid sluit, onder andere, die volgende in:

8.2.1 Raak vertroud met hulle modules en die US se leergerigte benadering tot OLA.
8.2.2 Aanvaar verantwoordelikheid daarvoor om te leer hoe om ŉ suksesvolle deelnemer aan die kennispraktyke van hulle studiegebied te raak, en raak vertroud met die gebruik van die betrokke tegnologie.
8.2.3 Gebruik en neem deel aan die beskikbare OLA-geleenthede, akademiese ontwikkeling en steuninisiatiewe van die Universiteit.
8.2.4 Verskaf, op versoek, omvattende en opbouende terugvoer oor modules, programme en dosente ter ondersteuning van hulle eie leer, akademici se professionele leer vir hulle OLA-rol, en die verryking van die module (hetsy vir formatiewe of summatiewe doeleindes).

**8.3** Die *US-bestuur* se rol is om hulpbronne en strategiese rigting ter ondersteuning van die OLA-funksie te voorsien. Hierdie rol sluit, onder andere, die volgende in:

8.3.1 Voorsien tersaaklike beleids- en strategiese inisiatiewe.
8.3.2 Skep ŉ bemagtigende omgewing waarin OLA van gehalte kan floreer.
8.3.3 Span die potensiaal van personeel en studente deur ŉ etiek van sorgsaamheid in.
8.3.4 Ondersteun en moedig leergerigte OLA aan.
8.3.5 Voorsien geleenthede vir akademici se professionele leer vir hulle OLA-rol.
8.3.6 Voorsien toepaslike, konteks-spesifieke geriewe vir OLA, hou dit in stand en opgradeer dit soos nodig.

## 9. Beleidsbeheer

### 9.1 Rolle

**9.1.1 Die eienaar van hierdie beleidsdokument is die Viserektor: Leer en Onderrig, wie se rol dit is om:**

a) toesig oor die ontwikkeling van die beleid te hou;
b) toe te sien dat die nodige dokumente opgestel word;
c) ŉ kurator vir die beleid aan te wys;
d) toe te sien dat die kurator doeltreffend funksioneer; en
e) ŉ taakgroep soos nodig aan te wys om die beleidsdokument van tyd tot tyd te hersien.

**9.1.2 Die kurator van hierdie beleidsdokument is die Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking, wat verantwoordelik is vir:**

[12] Dit impliseer dat akademici kenniskenners op hulle vak- en navorsingsgebied moet wees, en minstens ook nadenkende praktisyns in hulle OLA.

a) die formulering, goedkeuring, hersiening, kommunikasie, vrystelling en monitering van die operasionalisering van hierdie beleidsdokument; en
b) die vertolking van die beleid en leiding in verband met die operasionalisering daarvan; en
c) die sameroeping van ŉ taakgroep om die beleid, soos nodig, van tyd tot tyd te hersien.

### 9.2 Operasionalisering

Die Onderrig-Leerbeleid reguleer die operasionalisering van leergerigte OLA oor alle kredietdraende programme heen, op voor- en nagraadse vlak en vir alle leweringsmodusse. Binne hierdie konteks ontwikkel die US sy Strategie vir Onderrig en Leer en werk dit deurlopend by.

Die operasionalisering van die beleid en strategie geskied deur middel van die Omgewingsplan van die Viserektor: Leer en Onderrig, wat die strategiese fokusgebiede en bedryfsprioriteite vir onderrig en leer uiteensit. Op fakulteitsvlak geskied die operasionalisering van die beleid deur middel van die spesifieke fakulteitsoperasionaliseringsplanne, waar dit redelikerwys uitvoerbaar is.

### 9.3 Monitering en Verslagdoening

Die Viserektor: Leer en Onderrig is aanspreeklik vir die skep van die nodige kontroles vir monitering en verslagdoening in verband met hierdie beleid. Die kurator is daarvoor verantwoordelik om hierdie kontroles uit te voer. Die Senaat moniteer die operasionalisering van die beleid deur middel van ’n jaarverslag oor onderrig en leer wat die Viserektor: Leer en Onderrig aan die Senaat voorlê.

### 9.4 Vrystelling

Hierdie beleid is ’n openbare dokument en verskyn op die US-webtuiste. Die beleid word goedgekeur deur die US Raad ná oorlegpleging met alle fakulteitsrade, die Senaat en die Institusionele Forum. Paragraaf 11 en 12 van hierdie beleid kan inhoudelik bygewerk word namate nuwe beleidsdokumente die lig sien. Sodanige bywerkings word deur die Komitee vir Onderrig, Leer en Assessering (KOLA) goedgekeur en vir kennisname aan die Senaat voorgelê.

### 9.5 Hersiening

Hierdie beleid word elke vyf jaar hersien, of vroeër na gelang van behoefte.

## 10. Konflikbeslegting

Konflik in hierdie beleid moet volgens die gewone lynbestuurskanale van die bestaande US-strukture, soos die onderrig-en-leerkomitees van fakulteite, die Komitee vir Onderrig, Leer en Assessering (KOLA) van die Senaat, en die Senaat self, besleg word. Die finale besluitnemingsgesag oor hierdie beleid berus by die US Raad.

## 11. Stawende dokumente

| Naam van dokument | Status (bv. geïdentifiseer, onderweg, goedgekeur) |
|---|---|
| Assesseringsbeleid | Goedgekeur in September 2021 |
| Plagiaatbeleid (ter ondersteuning van Akademiese Integriteit) | Goedgekeur in November 2016 |
| Strategie vir Onderrig en Leer 2017-2021 | Goedgekeur in Maart 2017<br>Word tans hersien |
| Transformasieplan | Bygewerk in Mei 2019<br>Word tans hersien |
| Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019-2024 | Goedgekeur in 2019 |

12. **Verwante dokumente**

| Naam van dokument | Status (bv. geïdentifiseer, onderweg, goedgekeur) |
|---|---|
| Toelatingsbeleid | Goedgekeur in 2017 |
| Gedragskode: Studieleier/promotor en student | Goedgekeur in<br>In Deel I van die US Jaarboek |
| Ontwerpproses van Leer, Onderrig en Assessering (DeLTA) | Ontwikkel in 2020 |
| Beleid oor Gestremdheidstoegang | Goedgekeur in Maart 2018 |
| Dissiplinêre Kode vir Studente van die Universiteit Stellenbosch | Goedgekeur in 2020 |
| Woordelys van Soorte Beheer- en Bestuursdokumente | Goedgekeur in Augustus 2022 |
| Raamwerkdokumente vir Akademiese Geletterdheid aan die US | Word tans hersien |
| Pligte en Verantwoordelikhede van Programkomiteevoorsitters en Programleiers | Goedgekeur in 2018<br>Word tans hersien |
| Riglyne vir die Operasionalisering van Onderrigtoekennings aan die Universiteit Stellenbosch | Goedgekeur in 2017 |
| Riglyne ten opsigte van die US se Verlengde Graadprogram (VGP) | Goedgekeur in 2010<br>Word tans hersien |
| Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch | Goedgekeur in Junie 2021 |
| Raamwerk vir Opleiding in Inligtingsgeletterdheid | Goedgekeur in September 2014 |
| Leweringsmodusse | Augustus 2022 |
| Prestasiebestuursbeleid en -strategie | Goedgekeur in 2018 |
| Beleid op Studenteterugvoer oor Programme, Modules en Dosente | Goedgekeur in 2008<br>Word tans hersien |
| Gehalteversekering- en Verrykingsbeleid aan die US | Goedgekeur in September 2019 |
| Aanbieding van Kortkursusse aan die Universiteit Stellenbosch | Goedgekeur in 2014 |
| Prosedure vir Akademiese Aanstellings en Bevorderings | Goedgekeur in 2011 |
| Reglement vir die Erkenning van Ko-kurrikulêre Prestasies | Goedgekeur in November 2018 |
| Regulasie vir die Erkenning van Vorige Leer (EVL) en Kredietakkumulasie en -Oordrag (KAO) | Goedgekeur in 2017<br>Word tans hersien |
| Aanbevelings van die Taakgroep vir die Bevordering en Erkenning van Onderrig | Word tans hersien |
| Reglement vir Interne en Eksterne Moderering en die Verwerking van Uitslae | Goedgekeur in September 2024 |
| Regulasies vir Eweknie-leerondersteuning | Goedgekeur in Augustus 2020 |
| Mandaat van die Komitee vir Onderrig, Leer en Assessering (KOLA) | Goedgekeur in April 2023 |
| Verskeie beleide oor navorsing aan die US | Goedgekeur op die onderskeie datums |
| Hersiening van die studenteterugvoerstelsel: | Taakgroepverslag (Afrikaans en Engels) |

| | |
|---|---|
| Tussentydse verslag van die taakgroep | 28 April 2015 |
| Strategiese Plan vir Maatskaplike Impak 2017-2022 | Goedgekeur in 2016 |
| Personeelontwikkelingsbeleid | Goedgekeur in 2016 |
| Personeelwelstand | Goedgekeur in 2012 |
| Strategie vir die Gebruik van IKT in Onderrig en Leer aan die Universiteit Stellenbosch | Uitsetdokument van taakgroep, April 2013<br>Word tans hersien |